# REDAKSIONEEL

*Kerk en Toekoms*

Die kerk van ons Here Jesus Christus het die wonderlike eienskap dat dit die oudste geskiedenis en die verste toekoms omspan. Die kerk kan egter op geen plek in die gelowige aanwesig wees, sonder dat daardie gelowiges deur die faktore wat die geskiedenis beheer, beïnvloed word nie.

Ons eeu word deur tegnologie en tegnokrasie beïnvloed. Die mens word toenemend verontmens. Ubbink het per geleentheid geskryf dat die mens van ons tyd op sterkte van die tegnologie oortuig geraak het dat elke nuwe dag 'n nuwe en beter ontdekking of trop van ontwikkelings meebring, terwyl die kerk juis gebou is op die geskiedenis. Juis die ouderdom van die kerk van Christus (iets anders as ons geobjektiveerde kerkstrukture) bring die kerk en godsdiens veral by die jonger geslag in die verkeerde hoek te staan. Hulle is op sterkte van die reglynige beweging van die tegniek oortuig dat die toekoms altyd beter is as verlede. Soos die nuutste motor die nuutste uitvindings vergestalt, so sal die toekoms ook die utopia bring. Die optimisme van die ewolusionisme het in baie opsigte die godsdiens van baie Christene geword.

Teen hierdie agtergrond is die twee artikels oor die toekoms van groot belang. Die toekomskunde het in die ou Wêreld 'n belangrike plek verkry, juis omdat dié Wêreld t.o.v. sy hulpbronne uitgewerk en in die proses so baie daarvan besoedel het. Iemand het tereg gesê dat een woord wat 'n predikant in 'n preek oor die toekoms sê, baie dieper inslaan as honderd oor die verlede. Waar die verlede nietemin die basis vir die hede en dikwels ook rigting vir die toekoms is, plaas ons ook 'n oorsig oor die persoon van ds. Johannes Beijer.

*Die etiese ou-Testamentici en Nederland tussen 1870 en 1914*

Prof. J. A. Loader verwys in sy gesprek met prof. J. H. van Wyk na sy studie en proefskrif met bogenoemde titel oor die teoloë J. P. Valeton en G. Wildeboer wat in Groningen tussen modernisme en ortodoksie standpunt geneem het. Prof. Loader, bekende Ou Testamentikus by Unisa, het met hierdie studie ook in die dissipline Kerkgeskiedenis gedoktoreer (Maart 1984). Hy beskou Valeton as die meer begaafde van die twee. Albei het groot invloed op die teologie uitgeoefen. Dit het ook duidelik in Suid-Afrika deurgewerk. Beide het die "kritiese Bybelwetenskap vir die kerk in Nederland gered". Hulle het hulle in die eerste plek op die hart en nie die verstand van die mens nie gerig. By hulle het die vraag na die verhouding tussen geloof en rede voorop gestaan.

Dit spreek vanself dat hierdie navorsing oor wortels van teologiese en kerklike invloede wat ook in Suid-Afrika deurgewerk het van groot belang is. Prof. Loader verdien ons dank vir hierdie inisiatief om vanuit een dissipline ook 'n ander dissipline met sy resultate te verryk.